



DASSIE DINGE

2 – 2026/02/02

Geagte Inwoners,

Baie geluk en baie dankie aan een van ons inwoners, Christelle Steyn, met haar musiekkeuse saam met Derrick Gardner op RSG verlede Saterdag. Dit was pragtig!

Die eerste maand van 2026 is verby, en terwyl die tyd so by ons verbyvlieg, deel ons graag die volgende met u:

1. KLINIEKKOSTE:

Aangeheg is die aangepaste kliniekkostes soos met ingang van 1 Maart. Dit verteenwoordig 'n aanpassing van 6,3% op die totale dienste. Ons Kliniekpersoneel is verantwoordelik vir die wetlike vereistes wat gepaardgaan met die versorging van elkeen van ons in die Landgoed. Al die dienste word baie bekostigbaar aangebied en ons nooi u almal hartlik uit om van hierdie dienste op terrein gebruik te maak. Ten einde elke inwoner se mediese rekord op datum te hou, bly dit belangrik dat u seker maak dat al u mediese inligting by die Kliniek op datum is, wat die nuutste voorskrif insluit. Onthou dat die dienste per afspraak aangebied word. Daar is tye wat die Kliniek toe is en net op noodgevalle sal reageer. Skakel gerus 2012 om 'n afspraak te bevestig.

2. KONTRAKHERNUWINGS:

Bestuur het besluit om 3 kontrakte van huidige diensverskaffers met 'n verdere termyn van 3 jaar te verleng. Dit sluit die tuindienste, haarsalon en skoonheidssalon in. Die nuwe kontrakte sal vanaf 1 Maart 2026 tot 28 Februarie 2029 van krag wees. Neem in ag dat enige dienskontrak binne die termyn gekanselleer kan word indien die diensverskaffer nie aan die kontraktuele verwagtinge voldoen nie.

3. PANIEKKNOPPIES:

Ek herhaal weer die oproep dat elke inwoner asseblief op die SMS moet reageer wanneer u dit ontvang. Dit plaas 'n geweldige groot en onnodige las op die Ontvangspersoneel as hulle al die opvolgwerk moet doen waar inwoners nie op die SMS'e reageer nie. Groot asseblief!

4. VERVANGING VAN HOUTPAALTJIES:

Ons het 2500 plastiekpaaltjies vir die 2025/26 finansiële jaar aangekoop. Die plan was om vrot houtpaaltjies by eenhede gedurende die winterprogram met die nuwe plastiekpaaltjies te vervang. Weens omstandighede buite ons beheer het dit nie gebeur nie en het ons hiermee agter geraak. Die plan is steeds om al die nuwe paaltjies teen einde Februarie te installeer. Baie dankie vir u geduld en begrip met die huidige situasie.

5. RAPPORTERING VAN KLAGTES:

Alle klagtes kan per e-pos, telefonies of in die boek by Ontvangs aangemeld word. Elke klagte word op die We-Connect-stelsel gelaai en op 'n Klagtematrix aangebring. Bestuur tesame met die Direksie gaan elke maand deur die Klagtematrix om te verseker dat klagtes so gou moontlik hanteer word.

Tans ervaar ons probleme met die baie reën dat vog in agterplase en teen keermure opbou. Ons is in die proses om 'n lys van hierdie gevalle saam te stel sodat die nodige beplanning en aksie geneem kan word. U hulp sal opreg waardeer word as u sulke gevalle, waarvan u bewus is, by Ontvangs kan aanmeld.

6. KLAGTES OOR HONDE:

Ons begin weer gereeld klagtes kry van honde wat sonder halsbande in die Landgoed rondhardloop. Dit is 'n oortreding van die Landgoed se Gedragsreëls. Na ons vorige besprekings met honde-eienaars het die klagtes afgeneem, maar dit blyk asof honde-eienaars weer gereeld besig is om die reëls te verontagsaam. Ons doen 'n ernstige beroep op elke honde-eienaar om te verseker dat alle reëls gehoorsaam word.

Daar is 'n ou gesegde wat aandui dat 'n gemeenskap sterk word wanneer bejaarde mense bome plant terwyl hulle weet dat hulle nooit in daardie bome se skaduwee sal sit nie.

Groete,

Alan Snyman.



DASSIE DINGE

2 – 2026/02/02

Dear Residents,

Congratulations and many thanks to one of our residents, Christelle Steyn, on her music selection together with Derrick Gardner on RSG last Saturday. It was beautiful!

The first month of 2026 went by in a flash, and while time is flying by at the speed of light, we would like to share the following with you:

1. CLINIC FEES:

Attached are the adjusted clinic fees effective from 1 March. This represents an increase of 6.3% on total services. Our clinic staff are responsible for the legal requirements associated with caring for each of us in the Estate. All services are offered at very affordable rates, and we warmly invite all residents to make use of these on-site services. To ensure that each resident's medical record remains up to date, it is important that all your medical information, including the latest prescriptions, is kept current at the Clinic. Please remember that services are provided by appointment. There are times when the Clinic is closed and will only respond to emergencies. You are welcome to call 2012 to confirm an appointment.

2. CONTRACT RENEWALS:

Management has decided to extend three contracts with current service providers for a further term of three years. These include garden services, the hair salon, and the beauty salon. The new contracts will be valid from 1 March 2026 to 28 February 2029. Please note that any service contract may be cancelled during the term should the service provider fail to meet contractual expectations.

3. PANIC BUTTONS:

I would like to repeat the request that every resident please respond to the SMS when it is received. It places a significant and unnecessary burden on the Reception staff when they have to do all the follow-up where residents do not respond to the SMS messages. PLEASE!

4. REPLACEMENT OF WOODEN FENCES:

We purchased 2,500 plastic fencing for the 2025/26 financial year. The plan was to replace rotten wooden fences at units with the new plastic fencing during the winter programme. Due to circumstances beyond our control, this did not happen and we have fallen behind. The plan remains to install all the new fencing by the end of February. Thank you very much for your patience and understanding with the current situation.

5. REPORTING OF COMPLAINTS:

All complaints can be reported via email, telephonically, or in the book at Reception. Each complaint is loaded onto the We-Connect system and recorded on a Complaint Matrix. Management, together with the Board of Directors, reviews the Complaint Matrix every month to ensure that complaints are addressed as quickly as possible. At present, we are experiencing problems due to the heavy rain, with moisture building up in courtyards and against retaining walls. We are in the process of compiling a list of these cases so that the necessary planning and action can be taken. Your assistance would be greatly appreciated if you could report any such cases you are aware of to Reception.

6. COMPLAINTS ABOUT DOGS:

We are once again receiving regular complaints about dogs running around the Estate without collars. This is a violation of the Estate's Code of Conduct. After our previous discussions with dog owners, complaints had decreased, but it appears that dog owners are once again frequently disregarding the rules. We make a serious appeal to every dog owner to ensure that all rules are complied with.

There is an old saying that a community becomes strong when elderly people plant trees knowing that they will never sit in the shade of those trees.

Kind regards,

Alan Snyman

KLINIEKDIENTE / CLINIC SERVICES

1 MARCH 2026

TIPE DIENS	KOSTE / COST	TYPE OF SERVICE
KONSULTASIE (0 - 15 min)	R30	CONSULTATION (0 - 15 min)
KONSULTASIE (langer as 15 min)	R60	CONSULTATION (more than 15 min)
INDIEN MEDIESE DIENS TUIS GELEWER MOET WORD (R 35 ekstra)	R35 plus Tipe diens & voorraad & Type of service & stock	IF MEDICAL SERVICE TO BE RENDERED IN THE UNIT (R 35 additional)
BLOEDDRUK	R30	BLOOD PRESSURE
GLUKOSE / BLOEDSUIKER	R45	GLUCOSE / BLOOD SUGAR
URINE TOETS	R45	URINE TEST
INSPUITING	R45	INJECTION
WONDSORG (1ste keer)	R90 plus voorraad /stock	WOUND CARE (1st time)
WONDSORG (opvolg)	R55 plus voorraad / stock	WOUND CARE (follow up)
VERWYDERING van steke, knippies of vreemde voorwerp	R55	REMOVAL of stitches, clips or foreign body
ORE UITSPUIT	R100	EAR SYRINGE
TREK BLOED vir PI & Warfarin dosering	R50	DRAW BLOOD for PI Warfarin dosage
TREK BLOED of URINE / STOELGANG monster (versoek deur eie Dokter)	R50	DRAW BLOOD or URINE / STOOL sample (requested by own Doctor)
VERPLEEGINTERVENSIE bv. Kontak Dokter / familielid indien inwoner se bloeddruk te hoog is	R60	NURSING INTERVENTION for example : Contact Doctor / family member if resident's blood pressure is too high
STOMASORG	R130 (eie voorraad / own stock)	STOMA CARE
KATETER VERVANG	R100 (eie voorraad / own stock)	CATHETER replacement